




Lewendige Giskultuur - NUUT in Veekos korrelprodukte

Omdat groeistimulante en ionofore 'n taboe in Namibië is, het Voermeester & Veekos die inisiatief geneem om na ander wettige opsies te kyk om in ons produkte te formuleer wat verbeterde diere prestasie kan verseker. Dit het ons op Biosaff laat afkom wat in Frankryk vervaardig word. Dit is 'n 100% natuurlike produk wat ook in die EU toelaatbaar is. Biosaff is 'n lewende giskultuur wat dan soortgelyke voordele as ionofore inhou. Beide **Stoetvee-**, **Skaapafgrond-** en **Bokkorrel** is reeds geformuleer en in die mark beskikbaar met die nuwe giskultuur daarin.

Lae vlakke van gis in herkouervoere het die eerste keer aandag geniet in die vyftiger jare, waarna grootskaalse navorsing en proewe daarna plaasgevind het. Die produkte word dan ook hedendaags sterk aanbeveel in voerkraalrantsoene in lande soos onder andere Namibië waar groeibevorderaars soos Rumensin verbied word.

Wanneer diere in 'n voerkraal geplaas word is daar verskeie voedings, gedrags en immuun stresreaksies om te oorkom. Sulke stresreaksies sluit in: patogeniese organismes, voerverandering, transport, inentings en kastrasies. Addisioneel, is daar nog nie sosiale struktuur onder hulle nie, wat nog uitgstoei moet word.

Die uitdaging is dan: Optimalisering van voerinnome om groei te bevorder en om saam met dit die metaboliese steurnisse te beperk as gevolg van die hoër stysel dieet. Waar diere dan op 'n hoër stysel dieet geplaas word, het dit 'n effek op die rumen-mikroorganismepopulasie wat weer 'n effek het op die vlugtige vetsuurkonsentrasies in die rumen (sien aangehegte grafieke). Soos wat die Asynsuur (Acetate) vlakke verlaag, verhoog die Bottersuur (Buterate) en Propionsuur (Propionate) in die rumen.



Daarmee saam is daar 'n skerp styging in die melksuur (Lactate) in die rumen wat 'n onmiddellike en liniêre verlaging in die rumen pH tot gevolg het en sodoende rumenasidose oftewel suurpens tot gevolg het. Met die insluiting van giskultuur in voerkraalrantsoene kan die steurnisse voorkom word.

In kort veroorsaak die insluiting van die lewendige giskultuur soos *Biosaf Sc47* in Veekos se korrelprodukte die volgende voordele in die rumen naamlik:

- **Verlaging van melksuur (lactate)**

- **Stabilisering rumen pH**
- **Verbeterde veservertering en vinnige aanpassing op voerkraalrantsoene**
- **Balansering die mikroflora**
- **Verhoging van die totale vlugtige vetsuurproduksie**
- **Verhoging van die produksie van vleisboublokke soos mikrobe-proteïene**

Bogenoemde voordele lei tot vinniger aanpassing op kraal met gepaargaande beter prestasie en groei.